

DUBBELDOOR-WAARDE UIT KANOLA

Saaiboere met vee kan gerus kanola as wisselbougewas oorweeg, sê mnr. Petrus Fouché van PhytoFarming.

Dié gewas se plaaslike aanplantings het sedert 2010 met gemiddeld 38,6% per jaar toegeneem, sê hy.

PhytoFarming is die landbou-arm van die biobrandstofgroep PhytoEnergy, en Fouché se taak is om die kanolabedryf in Suid-Afrika te bevorder.

Benewens suiwer kommersiële gewas, kan kanola ook suksesvol as 'n dubbeldoel-gewas ingespan word, wat eers weei en dan goeos kan word. Dit kan ook vir hooiproduksie, kuilvoer of as dekgewas gebruik word, sê Fouché.

Sy statistieke bewys dat kanola reuse-wei-dingpotensiaal kan bied. Hy haal voorbeelde in die jongste nuusbrieff van die KwaZulu-Natalse geenbewerkingklub aan.

Mnr. Pieter de Jager van Albertinia het met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van net 380 mm (vanaf 2007 tot 2010) gevind dat die drakrag van sy kanola vir skape en volstruise 3,8 kleinvee-eenhede per hektaar per jaar was, teenoor sy hawer se 3,2 KVE/ha/jaar.

By Senekal kon mnr. Pieter Heyns in 2006/'07 sy beeste 13 maande lank kanola-aanplantings laat afwei. Dit het vier keer in die winter ingesluit, sonder reën, asook ná elke somerreën. In teenstelling daarmee,

sê Fouché, bied voergrane, soos rog, hawer en korog (*Triticale* spp.), twee tot hoogstens drie beweidings van goeie gehalte.

Die kanola van mnr. Johannes Joubert van Riversdal het hom in 2013 eers 28 wei-dae vir 37 ooië per hektaar gegee voordat hy dit goeos het. Fouché bereken dat dit hom voerkoste van R6,50 per ooi per dag bespaar het. Die kanola se wei-waarde was dus R6 734/ha. Hergroei van verskeie stamme per plant het hom toe 'n oes van 1,5 ton/ha gegee. In randwaarde was die oes R6 750/ha werd teen die R4 500/ton wat hy daarvoor gekry het. Sy totale inkomste uit die kanola was dus R13 484/ha. "Dit is duidelik die wei-waarde vergoed oor en oor vir die effens laer opbrengs weens die beweiding vooraf," sê Fouché.

Voorts is daar ook sterk aanduidings dat kanola die winsgewendheid van opvolggewasse kan verhoog, spesifiek onder besproeiing.

Fouché verwys na mnr. Tommie Masteron van Kokstad, wie se mielies ná kanola geen *Fusarium* gekry of omgeval het nie, en 'n gemiddelde opbrengs van 4 ton/ha meer gelewer het as sy mielies wat ander gewasse opgevolg het.

In 'n Noord-Kaapse boerdery, waar dieselfde mieliekultivar op dieselfde tyd en met dieselfde bemesting op twee aangrensende spilpuntlande geplant is, was die mielie-opbrengs ná koring 10 ton/ha, en dié wat kanola opgevolg het, 15 ton/ha.



Mnr. Petrus Fouché van PhytoFarming op 'n kanola-boeredag vir besproeiingsboere by Hartswater in die Noord-Kaap. FOTO: MARLEEN SMITH

By Hartswater het 'n boer gevind dat kanola met mielies as opvolggewas sy mielie-opbrengs met gemiddeld 2 ton/ha verhoog het, sê Fouché. – MARLEEN SMITH